# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (4/11)

*Justin Chadwick (4 Februarie 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*The bad news is time flies. The good news is you're the pilot.*" *Michael Althsuler*

*[Kan nie glo dat dit reeds Februarie is nie!]*

## FRUIT LOGISTICA

Die vars produkte wêreld vergader weereens in Berlyn volgende week by Fruit Logistica. Dit word as die grootste gebeurtenis in die wêreld vir vars produkte gereken en die meeste is dit eens dat dit die een gebeurtenis is wat jy nie kan misloop nie. Die Suid-Afrikaners is altyd in volle sterkte daar – beman trots die Suid-Afrikaanse stalletjie – wat elke jaar groter en beter is.

Daar is altyd 'n gelukkige "buzz" by die Suid-Afrikaanse stalletjie; alle besoekers word hartlik deur kollegas in die bedryf verwelkom en teen die tyd dat hul vertrek wil hul besigheid in Suid-Afrika doen. Een van die vele positiewe eienskappe van ons uitvoerders is hul vemoë om te kommunikeer, mense op hul gemak te stel en vertroue te skep oor ons vemoë om te kan doen wat ons moet doen. Na so baie jare van uitvoer weet ons dat ons kan "deliver" - wat die kliënt wil hê, wanneer hul dit wil hê en op die regte manier. Die houding van die Suid-Afrikaanse stalletjie is dus een van selfvertroue en versekerdheid – nie arrogansie nie, maar die wete dat ons die werk gedoen kan kry.

Fruit Logistica vorm ook die platvorm vir baie vergaderings - Freshfel hou hul AJV, daar is 'n gesamentlike SHAFFE-Freshfel Globale Sitrusvergadering, SHAFFE het hul jaarlikse vergadering, CLAM (Mediterreense Sitrusbedrywe) het 'n vergadering; en daar is nog baie meer. Dit is 'n fantastiese geleentheid om van die status van die sitrusbedryf regoor die wêreld te leer.

Aan almal wat na Berlyn reis – reis veilig en die wens is dat ervarings positief en vol vertroue sal wees.

## CGA RAAD

Tini Engelbrecht (Senwes) het haar bedanking as lid van die CGA Raad na baie jare van waardevolle insette ingedien. Tydens hierdie tydperk het sy as CGA verteenwoordiger op die PPECB Raad gedien, was sy deel van die CGA se Uitvoerende Komitee, asook die CGA se Logistieke Komitee. Haar insette ten opsigte van die werksaamhede van die CGA sal baie gemis word – ons wens haar net die beste toe met haar nuwe onderneming.

Philip du Plessis (Sondagsrivier) het ook sy bedanking ingedien omrede hy ook 'n ander pos aanvaar het. Sy insette, veral ten opsigte van transformasie was insiggewend en sal in die toekoms gemis word. Sterkte Philip met jou nuwe pos. Pieter Nortje is as plaasvervanger vir Philip verkies – tydens sy laaste beurt op die Raad was Pieter onder andere baie aktief om logistiek as deel van CGA se prioriteite gelys te kry. Ons verwelkom hom terug en sien uit na sy insiggewende leiding.

In ander streke wat die twee jaar verkiesing in die gesig gestaar het, is die volgende onbestrede herkies: Michael Woodburn (Suidelike KZN), Kobus van Zyl (Oranjerivier), Hoppie Nel (Onderberg), Graham Piner (Nelspruit) en Hannes Nel (Limpoporivier).

## THAILAND MAAK DEURE OOP VIR SUID-AFRIKAANSE SITRUS

'n Voorlopige protokol vir die invoer van sitrus vanuit Suid-Afrika is deur die Thaise Owerhede aan DAFF gestuur. Dit is na baie (BAIE) jare van wag en baie werk deur die bedryf en DAFF – baie dankie aan almal wat betrokke was. Die voorlopige protokol sal nou deur DAFF en die bedryf bestudeer word alvorens dit gefinaliseer word. Alle uitvoerders wat in hierdie nuwe mark belangstel, word versoek om my by justchad@iafrica.com te kontak. Die protokol vereis registrasie van produksie-eenhede en pakhuise asook 'n besoek van Thaise amptenare voor die seisoen begin. As ons dus van hierdie geleentheid gebruik wil maak, sal ons moet sorg dat die nodige prosedures in plek is en die administratiewe reëlings nagekom is.

## POMELO PROMOSIE VELDTOG

Hierdie week het die Pomelo Fokusgroep (PFG) vergader om die tweede jaar van die promosie veldtog vir pomelo's te bespreek (die veldtog is vir twee jaar - 2010 en 2011). Met 2010 wat 'n "af"-jaar vir pomelo's was, was die impak van die veldtog nie duidelik nie. Terugvoering van die mark en 'n assesering in die VK het aangedui dat die veldtog goed ontvang is, dat dit 'n positiewe reaksie vir Suid-Afrikaanse vrugte by invoerders en deelnemende handelaars geskep het en dat dit 'n positiewe effek op verkope in geteikende supermarkte gehad het. Die PFG het die moontlikheid om ander markte in 2011 in te sluit, bespreek - veral Rusland is as 'n groeiende mark vir Suid-Afrikaanse pomelo's geïdentifiseer.

Die PFG het besluit om navorsing oor markontwikkeling in Rusland te doen en ook om met die veldtogte in Japan (bestuur deur Market Makers) en VK (bestuur deur RED) voort te gaan. Die fondse sal na Japan (80%) en VK (20%) geallokeer word.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS.**
**VERSEKER SO 'N GLOBALE, MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKA SITRUSBEDRYF**